## DIE ONLANGSE BEWINDVERANDERING IN AFRIKA

Na die Tweede Wêreldoorlog het Afrika die aandag op hom getrek veral ten gevolge van die snelle ontvoogdingsproses ten opsigte van sy vroeëre onderhorige gebiede en wel op 'n skaal en teen 'n tempo wat die benaming politieke rewolusie geregverdig het. Daar was baie wat hiervan nie veel goeds verwag het nie, maar hulle waarskuwings is versmoor onder die geklank van optimistiese jubelsange van hoë verwagtings oor die vrye state en nasies van onafhanklike Afrika. Die humanitêre en liberale demokrasie is geloof as die verlossende mag en die ligbringende krag in die vroeëre donker kontinent.

'n Mineurtoon het enigsins kenbaar geword in hierdie koor toe dit begin deurskemer het dat die liefde vir die rooi minnaars uit die ooste minstens net so groot indien nie opregter was nie as vir die vroeëre base uit Europa of selfs vir die vryheidsridder, die V.S.A. Dit wou begin lyk asof die gesindheid ten opsigte van die Europees-Amerikaanse wêreld meer op die materiële voordele gefundeer was terwyl die Russies-Chinese mededingers blykbaar met veel meer werklike sentiment bejeën is. Terselfdertyd het die geskenke in die vorm van tegniese hulp, leningsgoedere (wat dikwels meer opsmuk as bruikbaar was) en vrye of lae rentekoerslenings nie agterweë gebly nie. Waarskuwingseine het begin flikker: *Red star over Africa!*

'n Verdere neiging het die kwik van die optimisme taamlik sterk laat daal. Die een staat na die ander het *amptelik* die parlementêre demokrasie, gebaseer op die opvatting van regering en opposisie, verwerp en oorgegaan tot 'n eenpartystaat met die aktiewe opposisie in die tronk, in die vreemde of onder die grond. Die regeerders van hierdie state het aangevoel dat, terwyl hulle onderdane en burgers nie die funksionering van 'n opposisie begryp nie, die uitskakeling van 'n orgaan wat só vatbaar is vir vergiftiging deur allerlei propaganda, die stabiliteit van die staat ten goede kan kom. Vir die meeste westerse waarnemers was dit geen oortuigende argument nie.

Ongeveer twee jaar gelede (Feb. 1964) het ek gewaag om te praat van 'n waarskynlike kontrarewolusie binne 'n dekade. Die bewering is gebaseer op die swaai na links wat moes uit-

loop op 'n botsing van Afrika-nasionalismes met die kommunistiese aspirasies in Afrika. Verder ook op die hoogvlammende nasionalismes en die emosioneel gelaaide trots op die onlangs verkreë onafhanklikheid. 'n Derde bydraende oorweging was die omstandigheid dat diegene wat op die kruin van die politieke en nasionalistiese golf by selfstandigwording van hulle state in die leiersposte belang het, hoe bekwaam of onbekwaam ook al vir werklike konstruktiewe bestuurs- en administratiewe verantwoordelikheid, uit oorwegings van eer, ambisie en finansiële voordeel, dit nie maklik en vrywillig gaan ontruim nie. Onderwyl is 'n aangroeiende aantal jong manne oorsee opgelei, maar in weerwil van werklike of gewaande hoëre kwalifikasies as die van hulle huidige base word hulle uit daardie begeerde poste gehou. Die laaste oorweging in hierdie verband was die verskynsel dat die partyverdeling grootliks saamval met stamverskille sodat uitskakeling van 'n opposisie ook die verloëning van 'n stam(me) beteken.

Terwyl baie 'n rewolusie verwag het in die vorm van 'n oorname van strategiese Afrikastate by wyse van lis of geweld deur die Russiese Beer of die Chinese Draak, kom dit nou voor asof dit op 'n ander wyse voltrek word. Behalwe in enkele sporadiese gevalle soos in die Kongo, het die indruk al begin posvat dat die ander regerings nieteenstaande hulle besondere ondemokratiese regeringsvorme veilig in die saal sit en dat die politieke situasie een van stabiliteit is. Nkrumah, Ben Bella, Obote, Nyerere, Kenyatta en Nasser o.a. is eintlik al aanvaar as diktatoriaal geneigde regeerders wat in elk geval hulle onderskeie volke goed onder beheer het. Dan was daar natuurlik ook nog die trots van Brittanje, dié Afrikavoorbeeld van gewortelde Britse demokratiese beginsels en van wyse koloniale beleid, nl. Nigerië.

Die Kongo was die eerste om skeie te breek deur die hoë verwagtinge ten opsigte van die politieke wysheid van die inboorlingvolke te skok. In die gees van die tyd en met 'n element van waarheid is die oorsaak van hierdie mislukking voor die deur van België gelê: geen opvoeding van die Kongolese in die demokratiese politieke instellings en geen voorbereiding vir verantwoordelike bestuurswerksaamhede nie. Daarna is die toestand aan Tsombe met sy sesessionistiese neigings en uiteindelik aan kommunistiese konkelary gewyt.

Indien die Kongo 'n geïsoleerde geval gebly het, sou 'n

mens met enkele korreksies die verklaringe miskien kon aanvaar. Maar binne 'n jaar het staatsgrepe feitlik 'n gewoonte geword en 'n vaster patroon aangeneem. Die volgende gee opsommenderwys 'n oorsig van die regeringsoorname sedert 1952.

| *Datum* | *Staat* | *Vorige Staatshoof* | *Nuwe Staatshoof* |
|---|---|---|---|
| 1952 | Egipte | Koning Faroek | Genl. Naguit (vervang deur kol. Nasser) |
| 1958 | Soedan | | Genl. Abboud |
| 1960 | Kongo | Pres. Kasavubu en Prem. Lumumba | Gen. Mobutu |
| 1965 (20 Jun.) | Algerië | Pres. Ben Bella | Kol. Boumedienne |
| 1965 (25 Nov.) | Kongo | Pres. Kasavubu en Prem. Tshombe | Genl. Mobutu |
| 1963 | Dahome | | Genl. Soglo |
| 1965 (22 Des.) | Dahome | Pres. Congacou | Genl. Soglo |
| 1966 (1 Jan.) | Sentraal-Afr. Rep. | Pres. Dacko | Genl. Bokassa |
| 1966 (4 Jan.) | Bo-Volta | Pres. Yameogo | Lt.-kol. Lamizana |
| 1966 (15 Jan.) | Nigerië | Prem. Balewa | Maj.-genl. Iransi |
| 1966 (24 Feb.) | Ghana | Pres. Nkrumah | Maj.-genl. Ankrah |

Om die prent volledig te maak is dit eintlik ook nodig om die stap van die regering van premier Smith in Rhodesië (11 November 1965) te noem en die optrede van premier Obote van Uganda gedurende Februarie vanjaar. Premier Oboto het deur die opskorting van die konstitusie, die gevangesetting van ministers, die uitskakeling van die parlement en van die Kabaka as staatshoof alle regeringsverantwoordelik in sý amp en persoon saamgetrek.

Die posisie van Rhodesië is nie uitsonderlik omdat die bewind in die hande van 'n *blanke* regering bevestig is nie. Daar is ooreenkomste met die gebeure in die res van Afrika maar waarskynlik meer verskille. In die eerste plek het Rhodesië nou eers die stap geneem wat in die verlede van die swart state lê, nl. om sy onafhanklikheid te gryp. Formeel kom dit met die gebeure elders ooreen vir soverre die blanke bevolkingsgroep wou voorkom wat elders gebeur. Rhodesië is geen armoedige, agterlike land nie, maar wou voorkom dat

hy dit sou word deur die regering aan die meerderheid oor te dra. Dit was nie 'n stryd teen korrupsie, teen linksgesindheid, teen politieke onstabiliteit van die regering of van 'n konflik van persoonlikhede binne Rhodesië nie. Wat gedoen is, is voorsorgs- eerder as nasorgsmaatreëls.

Die verwagtings ten opsigte van 'n kontra-rewolusie deur die jonger generasie was blykbaar nie heeltemal korrek nie. Die leër, soms saam met die polisie, het in hierdie gebeure die hoofrol gespeel en daar is nog geen aanduiding dat hierdie leiers 'n geslag jonger as die onttroondes is nie.

Wanneer die oorsake ontleed word, dan kom dit voor asof verskillende faktore 'n rol gespeel het. Daarmee sou ook nie beweer kan word dat in elke geval slegs een oorsaak aangewys kan word nie. Saam met enkele sterker faktore is ook ander verbonde terwyl die krag van die verskillende stimuli en die komplekse van geval tot geval verskil. Magskonsentrasie in 'n party of persoon, persoonlike ambisie, onderliggende etniese, godsdienstige en rasseverskille en verskeidenheid politieke verdeling, ekonomiese omstandighede en korrupsie, nasionalistiese reaksie teen bedreiging vanuit bepaalde oorde, is waarskynlik die belangrikste aspekte waarmee rekening gehou moet word. Baie van hierdie faktore vloei trouens ineen.

Magskonsentrasie in die hande van een party en een persoon wek meesal sterk reaksie. Hierteen het trouens al die gebiede vroeër in verset geraak, d.w.s. teen die mag in die hande van 'n vreemde koloniale moondheid en in die geval van Egipte teen 'n eie vors. Die ironie van die saak is dat die nuwe regeerders blykbaar gemeen het dat dit net gevaarlik en verkeerd is as die outokratiese mag in vreemde hande is. Die gevaar hiervan is veral groot waar daar nog geen homogene nasionale eenheid bestaan nie. Miskenning van 'n politieke opposisie beteken onder sulke omstandighede ook miskenning van bepaalde stam-, etniese, geloofs- of rassegroepe binne die staat. Daardeur vervul die outokratiese heerser en sy groep juis weer die funksie van die „vreemde" mag en verkry die opposisie ekstra vuur en weerstand deurdat die politieke verskil aangeblaas word deur etniese, geloofs- of rassesentiment.

In hoeverre diegene wat nou deur die staatsgrepe aan bewind gekom het, met die suiwere belangeloosheid van 'n Brutus opgetree het, sal die geskiedenis nog moet uitwys. Dit is egter erg onwaarskynlik dat by alles nie 'n mate van ambisie aanwe-

sig sal wees nie. In elk geval was die ontsetenes in die meeste gevalle nie daarvan vry te spreek nie. Die bewyse is veelvuldig dat Nkrumah, ook onder die stimulus van die persoonkultus, blykbaar grenslose ambisie besit het.

Hierdie twee faktore in kombinasie voer ons terug na die staatkundige lewe van Afrika van 'n eeu en meer gelede. Onder sulke omstandighede is die enigste weg tot regeringsverandering die gewelddadige verwerping van die heerser en die vervanging van sy persoon en van die groep wat hy om hom geskaar het.

In verskillende gevalle is die ekonomiese faktor eksplisiet genoem as 'n rede vir die staatsgreep. Pres. Dacko is deur die leër verwerp omdat hy nie gou genoeg hulle lone verhoog het nie. Dit kan egter verskillende fasette toon. Allereers kan die algemene toestande van werkloosheid, armoede en ekonomiese agterlikheid as 'n lont diens doen. Dit was tekenend van die toestande in Egipte, Dahome, Algerië, die Kongo en selfs in Ghana. Aan hierdie aspek gekoppel vind ons gewoonlik die beskuldiging van korrupsie: die persoonlike toeëiening van staatsinkomste en openbare fondse en geleenthede vir die persoonlike voordeel en gewin van die regerende elite. Beskuldigings van korrupsie teen Obote het sy magsgreep gestimuleer; Faroek het in weelde geleef terwyl sy volk in armoede vergaan het; Nkrumah het pragpaleise en ander persoonlike monumente gebou en die staatskuld laat sneeubal.

'n Faktor wat nie buite rekening gelaat moet word nie is die gebrek aan nasionale eenheid. Afgesien van die konflik van persoonlikhede in die Kongo het die verskil in lojaliteit tussen die suidelike stamme van Katanga en die noordelikes 'n belangrike rol gespeel. Nog duideliker word dit in die geval van Nigerië waar die Britse bewind gehoop het om langs die kompromistiese weg van 'n federasie die uiteenlopende stam-, streeks-, rasse- en godsdienstige verskille met mekaar te voorsien. Afgesien van die probleem om die kultuurwaardes van sulke uiteenlopende eenhede in een staat en sy wetgewing te bevredig, bestaan die agterdog voortdurend in verband met benoemings, bevordering van groepsbelange, e.d.m. In Nigerië was dit 'n belangrike faktor. In Rhodesië is dit eweneens die geval. Die blankes was in hierdie geval nie bereid om hulle belange en hulle bestaan in die hande te laat van 'n regering (die Britse) wat hom op 'n standpunt van „Native Paramount-

cy" gestel het nie.

Vermengd met al die voorgaande is ook nog die motief van die usurpeerders om hulle weer te stel teen gevare van buite wat deur die buitelandse beleid van die regering teweeg gebring word. Vir die Weste behoort die houding van die meeste van die nuwe regeerders verblydend te wees. Behalwe in die geval van Algerië waar die botsing blykbaar hoofsaaklik persoonlik was, gee die ander die indruk van minder linksgesind te wees. Die jeremiades van onderpresident Oginga Odinga van Kenia en die optrede van sy regering teenoor Chinese en Russiese kommuniste versterk hierdie opvatting.

Ten slotte moet gewys word na die onvermoë van die gevalle regerings om binne die kader van konstitusionele bestuursvorme orde te handhaaf, stabiliteit te verkry en administratiewe doelmatigheid daar te stel.

Daar hoef slegs op drie of vier implikasies van die reeks gebeure gewys te word. Dit skyn eerstens asof van die ander heersers nie meer so veilig en gerus voel nie. Of Obote se beveiligingsmaatreëls hom nie op dieselfde pad gaan lei nie is 'n ope vraag. Die hele patroon mag ook die houding van die buitewêreld enigsins verander. Simptome daarvan is waarneembaar in die pers. Of dit die R.S.A. en Rhodesië ten goede sal kom en wel in hoeverre sal die tyd moet leer. Sondebokke is ook op die internasionale vlak en in die diplomatieke wêreld onontbeerlik. Dat die leër, weens sy dissipline en eenheid, so 'n belangrike plek in die Afrika-politiek verkry het, is te verwelkom vir sover dit gebruik kan word as 'n ordeskeppende en -handhawende mag maar is ook verontrustend vanuit die oogpunt van moontlike misbruik daarvan. In Ghana, die Kongo en Rhodesië verteenwoordig die verandering 'n swenking na regs. Gesien saam met gebeure in Kenia en Malawi is dit verblydend. Die vraag is egter wat die kommunistiese reaksie hierop gaan wees: hernude en intensiewer optrede, nuwe strategie of wat?

Op die strewe na Afrika-eenheid het hierdie gebeurtenisse en veral die vervanging van Nkrumah 'n besliste negatiewe invloed. Hierdie apostel van Afrika-eenheid se vlerke is, tydelik altans, geknip. Die buitengewone slimmigheid (van Russiese oorsprong?) om hom mederegeerder van Guinee te maak kan die kwaad nie heeltemal ongedaan maak nie. Die vraag is ook in hoeverre dit die saad van verdeeldheid tussen die twee

persoonlikhede, Nkrumah en Toure, saai veral as die „verowering" van Ghana nie vlot nie. Maar ook origens is die Afrikastate juis oor hierdie saak verdeel in twee kampe. Tydelik het Rhodesië en die Republiek in elk geval enigsins op die agtergrond van hulle belangstelling geraak.

J. H. Coetzee.

P.U. vir C.H.O.
23 Maart 1966.